Desember 2019

# Stellenberger

## Kersfees kom . . . Christus kom!

Deur: Ds. Marius Breytenbach



In elke wêrelddeel word Kersfees op 'n unieke wyse gevier. Die Noordelike Halfrond se Winterkersfees en Adventtyd is sinoniem met kerse, sneeubedekte Kersbome, warm etes en kaggelvure. In Suid-Afrika lyk Advent heelwat anders. Chris Chameleon omskryf die Suid-Afrikaanse Kersgety mooi met dié lirieke:

"Ses-en-dertig grade in die somerson snikheet en 'n pikswart Kersfeesvader sit voor 'n winkel-sentrum en sweet.
Kinders loop in plakkies rond aan roomyse en smul en net die prentjies op Kerskaartjies is in spierwit sneeu gehul."

Op Sondag 1 Desember breek die Adventtyd amptelik aan. Die woord Advent beteken letterlik "koms". In dié tyd leef ons met die verwagting van 'n dag wat moet aanbreek, maar meer nog leef ons met die verwagting dat Christus jaarliks vir ons 'n nuwe gestalte kry. Die bekende lied Stille Nag beskryf dit raak: "Heer, gebore vir ons! Heer gebore vir ons!"

Kom vier op Sondag 1 Desember om 09:00 hierdie wonderlike werklikheid saam met ander gelowiges tydens ons Kerssangdiens in die kerk en beleef die besondere betekenis van Kersfees in Afrika. Ons nooi ook almal uit om na die diens verder saam fees te vier terwyl koffie, tee en eetgoed aan almal bedien word.

# 25ste feesmark ontvang baie seën

Deur: Ds. Callie Visagie

Die 25ste feesmark wat onlangs ten einde geloop het, was soos in die verlede ’n uiters geseënde geleentheid. Ons is opreg dankbaar teenoor die Here vir hierdie bron van inkomste, omdat bykans **20% van die gemeentelike inkomste** hieruit verhaal word.

Die bedrywighede op die terrein het vir seker ’n besondere impak op verskeie kerklike werksaamhede gehad, met veral die gesamentlike dienste op Sondae as alternatief, omdat die sale nie gebruik kon word nie. Dan is ook vele van ons lidmate jaarliks betrokke as kassiere, pakkers en vloerbestuurders. Ook is daar mos altyd ’n hele aantal lidmate wat uitstallers is en van hulle val boonop in die groep met die grootste omset.

Die mark word deur Stad Kaapstad as ’n sogenaamde *event* geklassifiseer en daarom is daar verskeie streng voorwaardes en riglyne wat gestel word vir die aanbied van ’n geleentheid van hierdie omvang. Die bepalings en vereistes waaraan ons moet voldoen, verhoog die insetkoste van die feesmark drasties. Die volgende syfers ter inligting:

- ’n **Styging van 10,9%** in die totale omset teenoor dié van 2018. (In 2018 was daar ’n negatiewe groei van 2,3% teenoor 2017).
- Die **netto wins** vir die gemeente realiseer gewoonlik in die omgewing van 9,5% van die totale omset. In 2018 het die totale inkomste uit die feesmark R1,85 miljoen beloop. Die **volledige syfers** van die feesmark is ter insae by die kerkkantoor.
- Die ***Event*-status** van die mark bring aansienlike addisionele vereistes en koste mee, soos onder meer dat daar ’n verpleegster (R25 000 vir die tydperk) voltyds aan diens moet wees, asook die aanstelling van ’n veiligheidsbeampte (R29 000 vir die tydperk).
- **Enkele ander groot uitgawes**: huur van tente (R353 000), brandplan (R26 000), sekuriteit (R223 000), salarisse en lone (R830 000), kredietkaartfooie (R295 000), advertensieplakkate se aanbring en afhaal van die lamppale, munisipale tariewe en ander advertensies (R106 000), rekenaars (R35 000), skryfbehoeftes en prysetikette (R29 000), vuilgoeddromme, mobiele toilette (R45 000) en instandhouding en skoonmaak (R37 000).
- Die **restaurant** is die uitstaller met die grootste omset en dit beloop ongeveer 7% van dié van die totale mark.
- Onder die ander **10 uitstallers met die grootste omset vanjaar,** was drie uitstallers van dekoritems en twee uitstallers in die kosafdeling.
- Die feesmark is vanjaar weer (soos in 2018) deur lesers van *Die Burger* aangewys as die **beste mark** in die Wes-Kaap.

Die organiseerders het vanjaar veral goeie terugvoering ontvang oor die verskeie nuwe items wat uitgestal is en veral ook omdat meer as 30 ekstra stalletjies bygevoeg is. Nog ’n waardevolle byvoeging was die koffie-kiosk met sy rustige atmosfeer in die voorportaal van die kerk, waar inligting oor die gemeente se werksaamhede beskikbaar was. Die kerk self is ook oopgestel is vir diegene wat daar wou stil word.

Dankie vir u voorbidding vir hierdie geleentheid. Ons is dankbaar teenoor die organiseerders, Marilize Verreynne en Adri du Randt. Ons dank die Here vir aangename koel weer gedurende die mark, ’n goeie infrastruktuur om die geleentheid aan te bied, ondersteunende kerkkantoorpersoneel, asook die goedgesindheid en gebede van vele Stellenbergers.

# ’n Wenresep word die sleutel tot haar sukses

Christel Brand en haar gesin is sedert 1988 lidmate van Stellenberg-gemeente en sy is al vanaf 2009 jaarliks een van die uitstallers by die feesmark. Haar gewilde smelt-in-die-mond-botterkoekies wat boonop nog in sjokolade gedoop word, is al sinoniem met gemeentevergaderings en -byeenkomste. *Stellenberger* het by Christel gaan inloer om te hoor hoe sy haar suksesvolle tuisonderneming op die been gebring en uitgebrei het.

“Ek het in 1996 vir ’n koffiewinkel, Bon-Bon, wat destyds naby Stellenberg Hoërskool geleë was, begin koekies bak,” vertel Christel. “Ek het my koekieresepte self ontwikkel en dit het my jare geneem en baie eksperimentering voordat ek by wenkombinasies uitgekom het. In die jaar 2000 het ek toe dan ook vir ’n koekiebakkompetisie in die Sarie-tydskrif ingeskryf en gewen. Dit het my ’n groot hupstoot gegee. Die wenkoekie, ’n sjokoladekoekie met ’n wit G-musieksleutel bo-op, is beslis steeds ’n groot gunsteling.





“Met verloop van tyd het ander winkels ook my produkte raakgesien en by my begin bestel. Ek is nie ’n goeie bemarker nie en het nooit self winkels genader nie, maar hul eienaars het mettertyd van my te hore gekom en my gekontak. Vandag bak ek vir 22 winkels in die Wes-Kaap, asook vir baie privaat kliënte. Die afgelope 23 jaar het ek talle ondernemings sien kom en gaan en dit bly vir my baie sleg as besighede hulle deure moet sluit.

“Wat die feesmark betref, was ek en Dirk, my man, in die vroeg 1990’s by die stigting van die feesmark betrokke. Op daardie stadium is daar nog geen eetgoed by die mark verkoop nie en ek het aanvanklik net Kersversierings vir die mark gemaak.

Nadat ek my koekies op ’n hele klompie kleiner markte verkoop het, het Adri du Randt, feesmarkorganiseerder en Alet Erasmus, my vriendin, my in 2009 omgepraat om al die kleiner markte te los en my koekies net op op ons gemeente se feesmark te verkoop. Ek het nog nooit teruggekyk nie.

“Ek verkoop ongeveer 2 000 koekies per dag by die feesmark. In die feesmarktyd gebruik ons daagliks 20 blokke botter van 500 g elk, 14 kg meel en 4 kg suiker. Deur die loop van die jaar help twee werkers my voltyds, maar in die laaste drie maande van die jaar het ek drie helpers. Beurtkrag en verhoogde elektrisiteitstariewe is uiteraard ’n groot kopseer vir my onderneming. Dit verg baie fyn beplanning om rondom beurtkrag te werk sodat ek steeds bestellings betyds kan aflewer.”

Christel se raad vir ander entrepreneurs wat ook graag ’n soortgelyke onderneming op die been wil bring, is die volgende: “Wees oorspronklik. Moenie ander entrepreneurs probeer namaak nie. Gebruik net die beste produkte, bv. goeie botter. Daar is gewis ’n groot aanvraag na gehalteprodukte. Onthou, daar is geen maklike manier om geld te maak nie. Die beste deel van entrepreneur wees, is dat jy self kies watter 16 ure van die dag jy wil werk!”

# ’n Ma met ’n naaimasjien en ondernemingsgees



Irma Viljoen is een van die feesmark se bobaas-uitstallers. Al die artikels wat sy op die feesmark verkoop, word met die hand gemaak. *Stellenberger* het by die hardwerkende vrou wat reeds 21 jaar ’n uitstaller by die feesmark is, ingeloer.

“Dit is elke jaar vir my ’n groot genade dat ek vir die feesmark gekeur word. Toe ek 21 jaar gelede vir die eerste keer by die mark uitgestal het, moes ons ons tafels heeldag self beman en het ons 5% kommissie aan die mark afgestaan. Ek het op daardie stadium skinkbordlappies en verskillende ander items met masjienborduurwerk op, verkoop.

“My reeks, wat ek onder die naam *Sew Blessed* bemark, het mettertyd uitgebrei na vatlappe, vadoeke, jammerlappies en teenette. Ek maak ook kaartjies en boekmerke en nog so ’n mengelmoes van kleiner items. Die duurste artikel tans op my tafel is ’n tafelnet wat R115 kos en kort op sy hakke is ’n vadoek teen R65. Ek woon op Velddrif, ’n klein dorpie aan die Weskus, en dit is vir my ’n voorreg om aan ander mense in my gemeenskap ’n geleentheid te bied om ook ’n ekstra inkomste te verdien. Ses bejaarde vrouens hekel jaarliks vir my 3 000 vatlappe teen vergoeding – sonder hulle hulp sou ek nie kon voorbly nie. Ek het ’n voltydse werker wat my deur die loop van die jaar met die maak van die artikels bystaan en teen die einde van die jaar kry ek ook ’n bykomende helper om veral met die verpakking van die artikels te help.

“Ek het drie naaimasjiene en twee omkapmasjiene en werk daagliks ag ure om voorraad vir die nege markte waar ek jaarliks uitstal, te maak en maak elke jaar 400 tafelnette, 600 teenette en 3 000 vaddoeke.

“Die inkomste wat ek uit die markte genereer, stel ons in staat om my twee dogters se opleiding te finansier. My oudste dogter studeer aan die Universiteit Stellenbosch en my jongste is in graad 10 op kosskool in die Paarl. My dogters en my man ondersteun my geweldig baie en ek glo dat veral my dogters deur hulle betrokkenheid by my onderneming, leer dat ’n mens altyd ’n plan kan maak om ’n ekstra geldjie te verdien.

“Ek werk nog nou om voorraad vir twee markte dié jaar bymekaar te maak en dan gaan ek en my gesin lekker rus in Stilbaai. Stellenberg-feesmark sal altyd een van my gunstelingmarkte bly. Al is dit ’n groot mark, het die personeel en veral Marilize en Adri, die organiseerders, altyd tyd om te help en verloor hulle nooit hulle menslikheid en tegemoetkomendheid nie.

“My raad aan voornemende uitstallers is om bekostigbare produkte te maak en altyd te sorg dat dit mooi verpak is. Besoekers aan markte wil myns insiens graag iets koop, maar het nie noodwendig geld om duur items te koop nie.”

# Kersfees – ’n tyd van hoop

Deur: Ds. René Potgieter











Probeer jou in een van die volgende situasies indink: Jy is op ’n boot wat ankerloos in die stormsee langs ’n rotsagtige kus ronddobber, of jy is ’n bergklimmer wat aan jou vingerpunte, sonder ’n ankertou, oor ’n duiselingwekkende afgrond hang. Kan jy jou die vrees en paniek voorstel wat met die twee situasies gepaardgaan?

Kom ons stel ons weer presies in dieselfde situasies, maar hierdie keer is die boot met ’n stewige anker aan die seebodem vasgemaak en die rotsklimmer het ’n ankertou wat hom sal vashou en beskerm indien hy/sy sou val.

Wat is die verskil tussen die twee scenario’s? Dis tog vanselfsprekend dat die anker en die ankertou die situasie verander. Indien jy stewig geanker is, kan die storms maar kom en kan jy maar oor ’n duiselingwekkende afgrond hang. Al slaan die golwe rondom jou en al huil die wind – jy weet jy is geanker.

Hierdie twee beelde is ook simbolies van ons eie lewens. Daar is ’n reuseverskil tussen mense wat ankerloos lewe teenoor diegene wat met vastigheid en sekerheid leef ten spyte van moeilik lewensomstandighede.

**Is hoop ’n illusie of ’n werklikheid?**

Ons weet dat ons in ’n gekompliseerde wêreld met baie uitdagings en probleme leef. Ons land het genoeg voorbeelde van ruïnes rondom ons en mense wat uitmekaarval. Daar is meer as genoeg puinhope om ons wanhopig te maak. Ons ken baie hartseer verhale van mense wie se lewens deurmekaar en stukkend is. Ons word daagliks met slegte nuus van misdaad en korrupsie gebombardeer en daarmee saam is daar die realiteit van kinders wat die verkeerde besluite neem, finansiële bekommernisse, die pyn van siekte wat net nie wil los nie, swak werksomstandighede waaruit jy nie kan kom nie en die droogte wat nie wil breek nie. So kan ons opnoem . . .

Vervolg op bladsy 6 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 5

Dalk sien jy in jou eie omstandighede gaan sprankie van hoop of uitkoms nie. Vir jou het hoop net 'n illusie geraak en bly hoop op 'n beter situasie bloot iets waaroor 'n mens maar net kan droom. Jy wil uitskree: Here wat moet ek doen, dit word al donkerder om my. Ek kan nie meer so aangaan nie.

Ons staan aan die vooraand van 'n nuwe jaar. As 'n mens terugdink oor die afgelope jaar, moet jy jou afvra – wat het my vanjaar laat aanhou en uithou? Dit wat jou laat aangaan het, word met net vier letters gespel – HOOP. Hoop is vir ons geestelike lewens net so noodsaaklik as wat suurstof vir ons liggame is. Sonder suurstof en hoop versmoor nie net die liggaam nie, maar ook die gees.

**Wat is hoop?**

Hoop is niks anders as 'n verlengstuk van ons geloof nie. Hoop is as te ware geloof in werking. Martin Luther het geskryf: *Alles wat in hierdie wêreld gedoen word, wat die moeite werd is, word in hoop gedoen.* Met ander woorde, hoop is daardie emosie wat die mens dryf om te beplan en om te doen ten spyte van moeilike omstandighede. Daarom was Benedictus van Nursia se lewensreël: *Die belangrikste van alles is om nooit, nooit hoop te verloor nie. Hoop is om die melodie oor die toekoms te hoor. En geloof is om nou reeds op die maat daarvan te dans.*

Deur hoop is jy in staat om aan iemand groter as jy, vas te hou. Hoop is daardie anker en ankertou wat jou vashou ten spyte van al die doodloopstrate waarin jy jou nou bevind, of die struikelblokke wat voor jou lê, of die stryd met jou gesondheid, of die werklas wat jou uitput. Dietrich Bonhoeffer wat vanweë sy Christenskap in 'n Nazikamp was, het die volgende geskryf: *Hoop groei op die pad van swaarkry wat geduldig geloop word.*

**Die beloftes wat hoop gee**

Dit is Paulus wat in Romeine 5:5 skryf: . . . *en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.* Dit wil amper klink of Paulus wil sê: Hoop laat jou nooit in die steek nie, stel jou nooit teleur nie en bedrieg jou nooit nie. Maar kan 'n mens Paulus werklik glo? Jy hoop jy slaag 'n toets en dan druip jy die toets. Jy hoop jou onderneming slaag, maar dan misluk dit. Jy hoop jou huwelik is suksesvol en dan ontaard dit in 'n nagmerrie. Jy hoop om gesond te word, maar daar kom geen verandering nie. Hoe kan ons Paulus nog glo?

Wanneer Paulus sê dat die hoop nie beskaam nie, wil hy nie daardeur sê dat ons nooit teenspoed sal beleef nie. Paulus praat van hoop wat na die breër prentjie kyk. Dit is hoop wat kyk na die kindjie in die krip wat vir ons gebore is en wat vir ons hoop kom gee het. Dit is hoop wat sing Immanuel – God is met ons. Dit is hoop wat ons die versekering gee dat ons nie alleen is nie. Dit is hoop wat my laat aangaan ten spyte van die moeilike omstandighede. Dit is hoop wat nie beskaam nie. Want my hoop is nie in my omstandighede nie, my hoop is gevestig in iemand – Jesus Christus.

**Jesus ons ewige hoop**

Elke Kersfees kom bevestig God Sy belofte van hoop aan ons. Ons lees in vers 5 van Jesaja 9: *Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.* Die Seun wat hoop gebring het na hierdie wêreld. As jy die Here Jesus as vennoot saamneem in jou lewe en Hy is jou anker, of jou ankertou, dan het jy altyd rede tot hoop. As Jesus ons bron van hoop is, kan ons met 'n toekomsverwagting leef.

# Ons het veel meer groen gelowiges nodig

Deur: *Dr. Braam Hanekom

Die afgelope paar weke het Suid-Afrikaners in die euforie van 'n wêreldbeker-oorwinning gebaai. Goue oomblikke soos hierdie is kosbare gawes in die geskiedenis van 'n jong demokrasie. Soos die dae verbygaan, word ons egter telkens teruggeruk tot die rou werklikheid waarin ons ons tans bevind.

So het die beleidskonferensie van SAFCEI (Southern African Faith Communities Environment Institute) begin November in Benoni, Gauteng, plaasgevind. Daar is duidelik uitgewys dat ons krisis veel groter is as die debat oor $CO_2$-vrystelling, temperatuurverhoging en klimaatsverandering. Terwyl 11 000 wetenskaplikes, na die evaluering van 40 jaar se data, waarsku dat ons op 'n klimaatsnoodtoestand afstuur, is daar veel meer wat ons aandag verg. Die berge plastiek wat ons oseane en riviere besoedel, die chemikalieë wat ons water en grond vergiftig, die giftige gasse wat ons lug besoedel, die mishandeling van diere en skrikwekkende vernietiging van biodiversiteit, kan nie langer geïgnoreer word nie.

Die moderne mens het steeds drie basiese behoeftes: Ons moet êrens bly, ons het vervoer nodig en ons moet eet. Die wyse waarop ons hierdie behoeftes bevredig, sal radikaal herdink moet word. Ek het genoeg vertroue in die wetenskap dat ons 'n plan sal kan maak. Tog is daar drie menslike neigings wat besig is om 'n stok in die wiel te steek: selfsug, hebsug en gemaksug. Dit voel vir my of president Trump met sy onttrekking aan die Parys-klimaatsooreenkoms nie net sy rug op die ooreenkoms gedraai het nie, maar ook op die wêreld en die planeet.

Die vraag is dus of die bykans ag miljard mense op aarde en veral die rykes, gereed is om 'n nuwe lewenstyl te aanvaar? Hieroor is ek diep onseker. Ons moet onthou dat ons nie verhewe is bo die ekologiese sisteem nie, maar deel is daarvan. As gelowiges glo ons dat ons deur God geskep is – uit die aarde en sal terugkeer na die aarde. Die ekosisteem het 'n manier om homself te korrigeer en wanbalanse te herstel. Die uitwissing van 'n groot deel van die menslike bevolking is beslis nie meer 'n onmoontlikheid nie. Onthou egter, dat jy en van jou geliefdes of nageslag deel daarvan kan wees. (Google: *6de massa- of Holoseen-uitwissing*).

Die mensdom sukkel verder met twee probleme. Eerstens ontken ons te maklik verantwoordelikheid en wanneer die spreekwoordelike tsunami dan wel oor ons breek, gee ons te maklik boedel oor. Die tyd en geleentheid vir die mens om daadwerklik op te tree raak al hoe minder en kleiner. Dit is hier waar geloofsgemeenskappe 'n groot bydrae kan lewer. Dit sal moet kom deur profetiese en selfs aktivistiese optrede, maar veral ook deur konkrete voorbeelde. Ons sal die weg moet wys na 'n eenvoudiger, groener en meer sober lewenstyl. Ek sukkel soms erg daarmee, maar hoop dat ek in die toekoms al meer as 'n "groen Christen" beskou sal kan word.

*Dr. Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis



**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Relevant – belangrik, essensieel en betekenisvol

Deur: Ds. Hanno Ackerman, jeuglereaar

Die Relevant-bediening het as 'n bediening vir jongwerkendes ontstaan. Die groep jongmense wat by die bediening betrokke was, het voorgestel dat ons 'n geleentheid skep waarby jongmense van ander kerke en denominasies ook gemaklik sal voel om by in te skakel. Dit was die motivering vir 'n weeklikse Relevantbyeenkoms op Woensdagaande om 18:30.

Dit het mettertyd vir ons duidelik geword dat jongmense 'n behoefte aan kennis en wysheid rakende alledaagse lewenskwessies het. Om dié behoefte aan te spreek, word die Woensdagaand-byeenkomste in die formaat van 'n sogenaamde *TEDtalk,* wat gewild is op die *YouTube*-kanaal, aangebied. 'n Kundige spreker lei die gesprek in en onderwerpe soos finansies, verhoudings, loopbane en streshantering word aangebied. Na die aanbieding bespreek die groep die onderwerp onder mekaar. Dis 'n informele byeenkoms waar almal tuis sal voel. Skakel gerus by die byeenkomste op Woensdagaande om 18:30 in. Die besprekings duur gewoonlik tot ongeveer 20:00. Enige iemand tussen die ouderdom 19 en 35 jaar is baie welkom om in te skakel. Jy hoef nie 'n lidmaat van die gemeente of die NG Kerk te wees nie.

Die sukses van dié bediening het ons ook gemotiveer om die jeugdiens met die gepaardgaande Annibrand-kleingroepe (kategese) in dieselfde formaat in te rig. Die jeugdiens se naam verander dan ook na RELEVANT. Die gedagte is dat tieners en jongmense, maar ook volwasse lidmate, uitgenooi word na die Relevant-erediens waar lewenskwessies vanuit 'n Bybelse en Christelike perspektief bekyk word. Bybelkennis en insig oor lewenskwessies sal tydens die erediens met jongmense gedeel word en tydens die daaropvolgende Annibrand-kleingroepe kan hulle die onderwerpe dan onderling bespreek en op hulle eie lewens van toepassing maak.

# Kosprojek is in die knyp




"Die Stellenberg-kosprojek is een van ons oudste gemeenteprojekte. Bydraes vir die projek het die afgelope jaar drasties gekrimp, met die gevolg dat ons die getal gesinne wat maandeliks voedselhulp vanuit die projek ontvang het, met 'n derde moes sny," sê ds. Why Duvenhage. "Ons lewer tans voedselhulp aan 20 gesinne in die omgewing en ondersteun ook gesinne wat deur BADISA en die Ruyterwacht Senior Sentrum bedien word. Ons koop maandeliks ongeveer R15 000 se kos aan om in die nood te voorsien."

Indien jy die projek wil ondersteun, kan jy 'n finansiële bydrae maak deur 'n inbetaling by die kerkkantoor te maak, of 'n elektroniese inbetaling na ABSA-tjekrekening, NG Kerk Stellenberg, 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik *KOSPROJEK* as verwysing. Bydraes van enige niebederfbare produkte is ook welkom. Kliek gerus op die skakel vir die inkopielys van produkte wat maandeliks benodig word. Produkte kan onder die trap in die voorportaal van die kerk gelaat word, of by die kerkkantoor afgegee word.

# Tiendemaandinsameling

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. 'n Bedrag van R902 449 is sover ingesamel. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop. Die tiendemaandbydraes beloop jaarliks 17% van die gemeente se totale inkomste.




Elke huisgesin, of lidmaat, word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies beskikbaar in die kerk of kleinsaal, as herinnering aan hul dankoffer te neem.

- Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord.
- Maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik tiendemaand as verwysing.
- Betaal jou tiendemaand-dankoffer d.m.v. die SnapScan-toep. Gebruik die skanderingskode en tiendemaand as verwysing.

# VatVyf-groep jaarafsluiting

Die VatVyf-groep het hulle bedrywighede vir die jaar op gepaste VatVyf-styl met 'n lekker saamkuier en Kersete op Woensdag 20 November afgesluit. Die energieke klomp seniors van die gemeente het maandeliks 'n byeenkoms, wat gereelde uitstappies na interessante bestemmings in die Wes-Kaap insluit. Sluit gerus by die groep aan indien jy nog nie ingeskakel het nie. Kontak vir Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519 vir meer besonderhede.





